

13 September

**Skrifgedeelte: Psalm 132
Fokusgedeelte: Psalm 132:3-5**

Eers God se saak, dan my eie

Dawid het die regte gesindheid gehad toe Hy gesê het dat hy nie sal rus voordat daar nie 'n huis vir die Here gebou is nie. Hy, wat maar 'n menslike koning was, het 'n paleis gehad om in te woon. Maar die ark van God, wat simbool van God se teenwoordigheid onder die volk was, het nie 'n staanplek gehad nie. Dit het Dawid erg ontstel dat die eintlike Koning nie 'n huis gehad het nie. Daarom het hy besluit om die tempel te bou.

Wanneer die pelgrims na Jerusalem optrek om die Here in die tempel te gaan dien, dan roep hulle hierdie gesindheid van Dawid voor die Here in herinnering deur Psalm 132 te sing.

Hierdie gesindheid van Dawid was so anders as die van die volk wat eeue later uit ballingskap na Jerusalem teruggekeer het. Die profeet Haggai verwyt hulle en sê dat dit so sleg met hulle gaan, omdat hulle hard werk om vir hulleself pragtige huise te bou en dit terwyl hulle die huis van God in puin laat lê. As hulle ook maar die gesindheid van Dawid gehad het wat homself geen rus gegun het totdat daar 'n tempel vir die Here was nie!

Hoe lyk ons gesindheid? Soos Dawid s'n of soos die teruggekeerde ballinge s'n? Wie se belange kom eerste as dit eredienstyd is? Wie se belange kom eerste wanneer dit betaaldag is, my huispaalement of my dankoffer? Is ek 'n ek-eerste-Christen of is ek 'n God-eerste-Christen?

Sing: Psalm 132:1-3

Ds HPM van Rhyn (Wilropark)